Lukas 13:1-9
Reeks:Jesus se dissipelskapskool
Vandag se tema: God se geduld. Beroepsgevaar vir dissipels: Oortuigde hardhandigheid
Sondag 6 September 2009 – Helderberg Gemeente
Liturg: Danie Möller

Aankondiging van die Skriflesing: Lukas 13:1-9
Ons is aan die hand van Lukas saam met Jesus op pad na Jerusalem

Kom reis vanoggend verder saam

In die voetspore van ons groot Leermeester, Jesus
Inleiding

As jy en jou gesin of vriende op die lang pad aan die ry is, en jy is net mooi op dreef, of dalk net so 'n bietjie agter skedule, dan is daar deesdae in Suid-Afrika 'n padteken wat jou skielik aarde toe bring.

'n Ry-stop teken. Wagtyd 20 minute. Enkelbaan verkeer agv padwerke.
Dit kan jou geduld toets. En dit voel mos al of jy elke keer moet stop en die verkeer van voor af tref dit gelukkig.

Dit maak ons ongeduldig, vies. Die ergste is dat ons weet dit is eintlik 'n goeie ding. Die pad word opgeknap. As die enkelbaan nie beheer is, was daar beslis 'n klomp botsings. Maar dit maak niks daaraan dat ons spoed gebreek is en dat dit vir baie 'n bron van frustrasie is en hulle uiters ongeduldig maak nie.

Dis waaroor ons vanoggend praat, Geduld.

Lekker, dink jy: Nou praat hy 'n slag met my man of my vrou, wat so ongeduldig en omge-ellie deur die lewe gaan. Of dalk dink jy: ja ek weet ek is ook maar lekker ongeduldig. Een van ons leiers vertel hierdie week hoe hy probeer werk aan sy ongeduld en veral sy padwoede. Hy sê hy vorder 'n bietjie, hy steek nog sy hand in die lug, maar hy laat sak nie meer sekere vingers nie, en dan waai hy maar.

Dalk is jy ook soos die man wat gebid het, "Here maak my geduldig en doen dit nou."

Om geduldig te wees is volgens Gal 5 deel van die vrug van die Gees. 'n Wonderlike gawe en iets waarna ons almal streef.

Maar geduld is nie net ’n teenpool vir kwaad word nie. Geduld is ook die gawe om nie moedeloos te word nie, nog ’n keer te probeer. Dis veral waaroor God se geduld gaan.

Ons is besig met ’n reis saam met Lukas in Jesus se dissipelskapskool. Vandag staan ons stil by Lukas 13. Jesus het ons verlede week in Lukas 12 herinner aan die gevaar vir dissipels om lou te word. Hierdie week kom Hy met ’n verrassende nuwe hoek.

Lukas 13 begin met ’n dringende versoek. Bekeer julle, maar dan kom daar ’n wending.
Kom ons lees:

13 Juis in daardie tyd het mense vir Jesus kom vertel van die Galileërs vir wie
Pilatus laat doodmaak het waar hulle besig was om hulle offerdiere te slag.
[2]Toe antwoord Jesus hulle: “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars
was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het? [3]Nee, sê Ek vir
julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal
omkom! [4]Of daardie agtien wat dood is toe die toring van Siloam op hulle
ineengestort het, dink julle dat hulle skuldiger was as al die ander inwoners
van Jerusalem? [5]Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal
julle net soos hulle ook almal omkom.”
Gelykenis van die onvrugbare vyeboom
[6]Daarna het Hy hierdie gelykenis vertel: “’n Man het ’n vyeboom gehad wat in
sy wingerd geplant was. Toe hy vrugte daaraan kom soek maar niks kry nie,
[7]sê hy vir die tuinier: ‘Kyk, dis nou drie jaar dat ek aan hierdie vyeboom vrugte
kom soek, en ek kry niks nie. Kap hom uit! Waarom moet hy langer die grond
uitput?’[8]Maar die tuinier antwoord: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan.
Ek sal die grond rondom hom omspit en bemes. [9]Miskien sal hy dan volgende
jaar vrugte dra. Maar so nie, kan u hom uitkap.”

Terwyl Jesus en sy dissipels op pad is, kom daar mense om te vertel van ’n slegte ding met ’n klomp Galileërs gebeur het. Die wrede Pilatus het hulle laat doodmaak daar waar hulle besig was om te offer. Hulle kom vertel dit want hulle wou ’n antwoord hê op ’n tipiese Joodse teologiese probleem. (ook ’n vraag vir vandag)

Het die mense gesterf omdat hulle gesondig het of slegte mense was? Hulle was dan juis besig met ’n goeie ding?

Jesus voeg uit sy eie uit, nog so ’n voorbeeld by. In Siloam was daar ’n ongeluk waar die toring geval het en 18 mense dood is.

Maar dan gaan Hy nie in op die probleem of dit nou regverdig is of nie. Hy gebruik hierdie skok-effek van mense wat gesterf het om hulle aan te spoor. Dit kon julle ook gewees het. Bekeer julle.

Voorspoed in die lewe wys nie noodwendig dat mense God se guns geniet nie. Net so wys teenspoed ook nie noodwendig dat mense groot sonde gedoen het nie. Voorspoed en teenspoed in hierdie lewe is dan eintlik minder belangrik. Wat belangrik is, is bekering. Om na God te draai.

Dit is ’n geweldige belangrike boodskap. Ons kan maklik met filosofiese en teologiese vrae besig wees. Wonder oor die regverdigheid van dinge. Maar daar is ’n ander sleuteloproep waarop ons eers moet antwoord: Kies vir Jesus! Bekeer jou! Draai na God toe. Kies vir die eerste keer regtig vir God in jou lewe. Of maak dalk weer ’n nuwe verbintenis – draai terug na God toe. Hy is jou Verlosser!

Jesus volg hierdie oproep op met die gelykenis van die vyeboom. Die manier hoe hy dit doen is nie net insiggewend nie, dit is amper verrassend.

Hier in die middel van die boodskap van bekering, kom Hy met ’n oproep tot geduld. Vertel Hy van goddelike geduld.

Dissipels van Jesus, veral nuwe dissipels, is vol van ’n passie vir God en vir die Evangelie. God roep ons op soveel plekke op tot aksie – bekeer julle, volg my, Ek stuur julle, gaan dan heen, maak dissipels, bid gedurig ens.

Dissipels van Jesus is vandag ook dikwels gefrustreerde mense. Gefrustreerd want “die mense wil nie verander nie”, “die dominees wil nie genoeg bekering preek nie”, “mense lyk of hulle net getroos wil word”. Veral mense wat onlangs ’n nuwe verbintenis tot God gemaak het, is ongeduldig met ’n kerk en met mense wat vir hulle voel asof dit maar net nie aan die gang kom nie. Wat nie lyk of hulle die erns van die saak verstaan nie.,

“Moet ons nie liewers net die dooie hout of bome uitkap en aangaan sonder hulle nie?”, vra hulle.

Jesus vertel die gelykenis van die vyeboom wat nog ’n kans kry om vir sy energieke dissipels ’n bietjie perspektief te gee. Natuurlik is hulle energie en ywer kosbaar. Hulle moet asseblief nie lou word nie. Maar God werk ook met ’n groter prentjie. In hierdie prentjie is “Kap dit uit” nie die eerste oplossing nie. Ons is so vasgevang in hierdie ywer dat ons baie keer die geduld in hierdie gelykenis mislees. Ons sien net die ultimatum raak. “Onthou dit is jou laaste kans – net een jaar dan is dit verby” lees ons.

Hier is een van die unieke beroepsgevare van dissipels van die Here. “oortuigde hardhandigheid”. Ons wil iemand amper boelie tot binne in die koninkryk en as hy of sy nie wil nie, of sukkel om daar te kom, dan kap ons uit.

Dissipelskapopleiding is opleiding in geduld. God se optrede word nie gekenmerk deur hardhandige en voortydige ingrype nie (soos die mense gedink het die geval was by die Galileërs en by die toring van Siloam in Luk 13:1-5 nie). God leer ons om dinge nie oorhaastig en hardhandig te probeer

oplos nie. Die koninkryk kom gewoonlik soos bemesting (v 8) – stadig, natuurlik, nie opspraakwekkend nie.

Die gelykenis van die vyeboom is 'n kompos-storie. 'n Storie van dringende geduld.

Om te doen alles wat nodig is, maar nie uit te kap nie. Vir party van ons is uitkap 'n manier om probleme op te los. Mense wat anders is, of mense wat nie met dieselfde oortuiging glo nie, of wat ons ongeduldig maak, wil ons afsny, uitsny uit ons kring. "Hierdie bome benut spasie en energie wat beter gebruik kan word." – redeneer ons dan. Jesus se kompos-storie wil vir ons wys daar is ook 'n ander pad.

Natuurlik het God se geduld het ook 'n end. Die eienaar kom weer terug. Maar intussen is daar kompos-tyd.

Kompos is nie 'n kits-oplossing nie. Dit gaan 'n ruk vat na die bemesting in die grond ingewerk is, voordat dit 'n verskil gaan maak. En om kompos te in te werk is nie die dramatiese nuwe begin van die land skoon maak en nuut plant nie.
Maar as ons kyk na wat gedoen kan word aan dit wat verkeerd is in hierdie wêreld, dan is Jesus bekend vir sy aangetrokkenheid tot die klein dingetjies – die onsigbare, die stil en stadige: suurdeeg, sout, lig, saadjie – en ook kompos.
Daarom ook die beelde vir die koninkryk soos saad (13:18-19), suurdeeg (13:20-21), lig en sout.

God is 'n God wat werk, 'n jaloerse God, maar God is ook 'n God met geduld. Sien 2 Petrus 3:9

[9]Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.
[10]Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom.

Wie op die Here wag, kry nuwe krag
Krag om self ook kompos te wees – nederig, nie uit die hoogte nie, bereid om self te "ontbind".

Baie stories van ouers wat geduldig bly bid vir kinders. Julle kan vertel daarvan. Mooiste storie van die kerkvader Augustinus wie se ma, Monica 33 jaar vir hom gebid het, voordat die Here sy lewe omgedraai het.

Die ywerige volgelinge van God het gesê: Kruisig Hom – kap hom uit
Sy antwoord was: vergeef hulle. Dit is dieselfde woorde wat hier vir die boom gebruik word vir "Laat hom nog staan"

Dit is die geduldige genade van God. Dit is die pad wat Hy wys vir sy dissipels.

Ons het vandag hier iemand, Efraim Goldstein, wat in Israel werk as ’n leier van die organisasie, Jews for Jesus.
Hulle werk is ’n voorbeeld van die dringendheid, maar ook die geduld wat nodig is om dissipels van Jesus te wees. Kom ons luister na Efraim.

Getuienis van Efraim Goldstein